



086 133 3786

012 001 8787

akademie@akademie.co.za

www.akademie.co.za

Engelenburghuis, Zierovogelstraat 574, Arcadia, Pretoria
Privaat sak X11, Arcadia, 0007

AKADEMIEBEURSE VIR MAGISTER- EN DOKTORALE STUDIE GESKRYF IN AFRIKAANS



Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns stel weer 'n beperkte getal ruim beurstoekennings beskikbaar vir die 2022 akademiese jaar vir magister- en doktorsale studie in enige studierigting geskryf in Afrikaans. Geskikte kandidate word hiermee uitgenooi om laatstens teen 30 September 2021 vir hierdie nagraadse beurse aansoek te doen.

Wat is die waarde van hierdie beurse?

Magisterstudiebeurse word tot 'n maksimum van R60 000,00 toegeken en doktorsalestudiebeurse tot 'n maksimum van R120 000,00 (die bedrae word bepaal deur die beskikbaarheid van fondse).



Wat is die vereistes vir hierdie beurse?

1

'n Verhandeling of proefskrif in enige vakdissipline moet in Afrikaans geskryf en ingedien word vir eksaminering. Vertalings uit 'n ander taal word nie aanvaar nie.

2

Kandidate moet vir die volle duur van die studie geregistreer wees by die universiteit.

3

Kandidate mag nie die maksimum tydperk van onderskeidelik drie jaar (magisterstudie) en vier jaar (doktorsale studie) ná die eerste registrasiedatum oorskry nie.

4

Beurshouers is verplig om, **na afhandeling van die betrokke studie**, 'n artikel volgens die riglyne van of die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* of die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* vir moontlike publikasie voor te lê.

5

Indien die beurshouer nie aan die **gestelde** vereistes voldoen nie tree 'n leningsooreenkoms in werking waarop die beursfonds onmiddellik aan die SA Akademie terugbetaal moet word.

6

Die SA Akademie se finansiële ondersteuning moet in die verhandeling of proefskrif erken word en 'n eksemplaar van die studie moet aan die Akademie beskikbaar gestel word.



- 1** Aansoekvorms is beskikbaar by die Akademieskantoor by beurse@akademie.co.za
- 2** Aansoeke moet die SA Akademie bereik vóór of op **30 September 2021** by beurse@akademie.co.za

Wat moet saam met die aansoekvorm ingedien word?

- 1** Bewys van registrasie aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit
- 2** 'n 10-15 bladsy opsomming van die studie of navorsingsvoorstel
- 3** 'n 3-5 bladsy uiteensetting van die relevansie van die beoogde studie
- 4** Aanbeveling van die studieleier of promotor
- 5** Benaderde begroting en verslag van alternatiewe en bykomende finansiering en/of beurse

Wanneer word die uitslag van die aansoek bekend gemaak?

Kandidate word aan die begin van Desember 2021 ingelig oor die beslissing van die beurskomitee.

Hoe geskied die uitbetaling van 'n beurs?

- 1** Uitbetaling is onderhewig aan die aanvaarding van die beurs en die ondertekening van 'n beursooreenkoms sowel as 'n leningsooreenkoms wat slegs van kragword indien beurshouers nie hulle studie voltooi nie of enige van die ander vereistes nie nakom nie
- 2** Die eerste helfte van die beurs word in Mei 2022 uitbetaal nadat 'n 2022-registrasiebewys en die getekende ooreenkoms deur die SA Akademie ontvang is.
- 3** Die tweede en laaste betaling word in September 2022 uitbetaal nadat 'n bevredigende vorderingsverslag van die beurshouer se promotor of studieleier ontvang is, sowel as bewys van etieseklaring en titelregistrasie
- 4** Beurshouers moet 'n borgsteller aanwys wat verantwoordelik sal wees vir die terugbetaling van die beursgeld sou die student nie kan nie.



Vir meer inligting i.v.m. die beurse kontak Melanie Rens by beurse@akademie.co.za

